



Gesinsbybelstudie


'N HART WAT DIE WAARHEID MOET LEER

"en moenie vir mekaar lieg nie.
Julle het met die ou, sondige mens
en sy gewoontes gebreek
en leef nou die lewe
van die nuwe mens ..."

Kolossense 3:9-10

Hoekom lieg ons, en hoe leer Christus ons om in die waarheid te wandel? Doen hierdie Bybelstudies as gesin saam om te verstaan hoekom ons as kinders van God die waarheid moet praat.

1. Waar kom die leuen vandaan?



ns almal jok soms. Miskien omdat ons bang is vir wat gaan gebeur. Miskien omdat ons iets wil hê. Of dalk omdat ons beter wil lyk voor ander mense. Of dalk probeer ons 'n "wit leuentjie" vertel om 'n ongemaklike situasie te vermy. Maar die Bybel wys vir ons dat die probleem dieper lê.

Die eerste leuen in die Bybel lees ons in Genesis 3. Satan het vir Eva mislei. Jesus noem Satan in Johannes 8:44 'n leuenaar én die vader van die leuen.

Ons belydenis leer ons dat die mens deur die sondeval diep verdorwe is. Ons probleem is sonde kom uit 'n sondige hart. Die leuen is 'n vrug van daardie hart.

Die probleem met leuens is groter as net die woorde wat ons sê.
Leuens begin in ons harte.

Daarom moet ons nie vra "Het ek gelieg?" nie, maar: "Hoekom sal ek eerder lieg as om God te vertrou en die waarheid te praat? Wat gaan in my hart aan?"

Dink saam

1. Hoekom lieg mense soms? Kan julle aan verskillende redes dink?
2. Hoekom is dit soms moeilik om die waarheid te vertel?
3. Wat wys 'n leuen vir ons oor wat in ons harte aangaan?
4. Wat dink jy beteken dit om God te vertrou wanneer jy bang is vir die gevolge?
5. Het jy al gesien dat 'n klein leuen later 'n groter probleem veroorsaak?

Gesels saam

Dink elkeen aan 'n keer wat jy gejoj het. Vra dan: "Hoekom het jy gevoel jy moet lieg?"
Kan jy sien dat jy gelieg het omdat jy sonde in jou hart het?

2. God is die God van Waarheid

God is heeltemal anders as Satan. God lieg nooit nie. Numeri 23:19 sê dat God nie 'n mens is dat Hy sou lieg nie, en Titus 1:2 praat van God “wat nie kan lieg nie”.

God se Woord is altyd waar en betroubaar. Jesus bid in Johannes 17:17:
“U woord is die waarheid.”

En Jesus sê in Johannes 14:6:
“Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”

Wanneer ons die waarheid praat, leer ons om soos kinders van God te leef. Wanneer ons lieg, doen ons iets wat teen God se karakter ingaan. Maar wanneer ons die waarheid praat wys ons iets van die karakter van die God. So wys ons ander mense hoe kinders van God leef.

Dink saam

1. Kan God ooit lieg?
2. Hoekom is dit belangrik om te weet dat God altyd die waarheid praat?
3. Hoe voel dit wanneer iemand vir jou lieg?
4. Hoe kan ons wys dat ons God vertrou deur die waarheid te praat?

Gesels saam

Noem elkeen in die gesin een ding wat God in die Bybel belowe het. Praat saam oor hoekom ons God se beloftes kan vertrou.

3. God se opdrag aan sy kinders

Die negende gebod leer ons:
“Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.” — Eksodus 20:16
Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 43, leer ons dat God nie net wil hê ons moet ophou om leuens te vertel nie. Hy wil hê ons moet die waarheid liefhê. Ons moet eerlik wees en ons naaste se goeie naam beskerm.

Daarom sê Paulus:

“Noudat julle die leuen afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat” (Efesiërs 4:25).


En: “Moenie vir mekaar lieg nie ...” (Kolossense 3:9).

Waarheid en liefde hoort ook bymekaar. Efesiërs 4:15 leer ons om in liefde by die waarheid te bly.

Dink saam

1. Hoekom kan 'n leuen iemand anders seermaak?
2. Wat moet jy doen as jy van iemand iets vertel het wat nie waar is nie?
3. Is dit makliker om die waarheid te praat wanneer jy weet jy gaan nie in die moeilikheid kom nie?
4. Hoe kan ons mekaar as gesin help om die waarheid te praat?

4. Wat beteken dit vir ons as gesin?



ns wil hê dat elkeen in ons gesin die waarheid moet praat. Selfs wanneer daar gevolge kan wees.

Maar ons almal sondig. Daarom moet ons leer wat om te doen wanneer ons verkeerd gedoen het. Die antwoord begin nie by: "Moenie jok nie!" Die antwoord is in ons harte.

Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, moenie probeer om dit met 'n leuen weg te steek nie. Vertel die waarheid. Bely jou sonde. Vra om vergifnis. En probeer om dit reg te stel. Vertrou dat God se weg beter is as om jou sonde weg te steek.

Ook ouers moet hierna luister! Ons elkeen — ouers én kinders — kan 'n voorbeeld van waarheid wees.

Ons moet ook leer om genadig teenoor mekaar te wees. Wanneer iemand die waarheid vertel, veral wanneer dit moeilik is, moet ons dit raaksien en aanmoedig. Sê eers: "Dankie dat jy eerlik is!" Daarna kan ons die gevolge van die verkeerde optrede aanspreek.


Dink saam

1. Wat moet jy doen wanneer jy besef jy moes nie gelieg het nie?
2. Hoekom maak dit dinge gewoonlik erger wanneer ons probeer om 'n leuen weg te steek?
3. Wat beteken dit om jou sonde te bely?
4. Hoekom is dit goed om vir iemand te sê wanneer jy die waarheid vertel het, selfs al het jy iets verkeerd gedoen?

Gesels saam

Gesels almal saam oor hoe ouers ons kinders kan help om die waarheid te vertel sonder om bang te wees om eerlik te wees.

5. Maar is elke waarheid vir elke oomblik?



Om die waarheid te praat beteken nie dat ons alles wat ons dink vir almal moet sê nie.

Ons moet ook wysheid en liefde leer. Die tweede artikel beklemtoon dat daar waarhede is wat nie noodwendig uitgespreek hoef te word nie.

Voordat ons iets sê, kan ons vra:


- Is dit waar?
- Is dit nodig?
- Is dit liefdevol?
- Is dit tot my naaste se beswil?

Die waarheid mag nooit 'n verskoning wees om ander mense seer te maak nie.

Dink saam

1. Moet jy altyd alles sê wat jy dink?
2. Kan iets waar wees, maar steeds onnodig of onvriendelik wees?
3. Hoe kan jy die waarheid praat sonder om iemand seer te maak?
4. Wat kan jy doen as iemand jou vra wat jy van iets dink?
5. Hoe kan ons as gesin leer om die waarheid in liefde te praat?

6. Ons het Christus nodig



ns kan nie op ons eie volmaak eerlik wees nie. Sonde is deel van ons harte. Daarom het ons nie net reëls nodig wat sê: "Moenie lieg nie."

Ons het Christus nodig.

Jesus het altyd die waarheid gepraat en volmaak gehoorsaam geleef. Hy het ons sondes aan die kruis gedra en deur sy Gees verander Hy ons harte.

Johannes 8:31–32:

"Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."

Ons wil dus nie net 'n gesin wees wat probeer om nie te lieg nie. Ons wil 'n gesin wees wat die waarheid liefhet omdat ons aan Christus behoort.

Dink saam

1. Hoekom kan ons nie net deur harder te probeer ophou sondig nie?
2. Wat het Jesus vir ons gedoen vir ons sonde?
3. Wat beteken dit om jou sonde te bely?
4. Hoe help Jesus ons om anders te leef?
5. Wat kan ons hierdie week doen om 'n gesin te wees wat die waarheid liefhet?

7. Kom ons som dit alles op

Praat saam

Lees elkeen van hierdie Bybelverse en praat oor wat julle geleer het:

- Johannes 8:44
- Spreuke 12:22
- Efesiërs 4:25
- Kolossense 3:9–10
- Johannes 14:6

Onthou saam

“Ek wil nie net nie lieg nie; ek wil die waarheid liefhê,
omdat ek aan Christus, die Waarheid, behoort.”

Bid saam

Here, ons bely dat ons dikwels nie die waarheid praat nie.

- Vergewe ons ons leuens en die verkeerde begeertes van ons harte.
- Dankie dat U 'n God van waarheid en trou is.
- Dankie vir Jesus Christus, wat volmaak gehoorsaam was en ons sondes aan die kruis gedra het.
- Werk deur u Heilige Gees in ons harte, sodat ons die waarheid sal liefhê, dit in liefde sal praat en mekaar se goeie naam sal beskerm.
- Help ons as gesin om nie ons sonde weg te steek nie, maar dit te bely en na Christus toe te vlug.
- Laat ons kinders, soos 3 Johannes 4 sê, “in die waarheid wandel.”

Amen.